# HOËR ONDERWYS IN NEDERLAND.
## Interessante Nuwe Ontwikkelinge.

Gedurende verlede jaar het daar in Nederland by die Staatsdrukkerij- en Uitgeverijbedrijf, 's Gravenhage, 'n uiters belangrike rapport verskyn. Dit is die rapport van die „Staatscommissie tot Reorganisatie van het Hoger Onderwijs." Hierdie kommissie was sinds April 1946 besig aan sy ondersoek en kon eers verlede jaar sy belangrike rapport indien. Dit is 'n rapport wat vir ons in Suid-Afrika van die grootste betekenis is. Ek wil in hierdie artikel graag die aandag vestig op enkele belangrike sake wat in die rapport na vore gebring is.

Indien die adviese van hierdie kommissie gevolg word, sal daar in Nederland vier verskillende tipes van universiteite—ook „hogeschoolen"—wees, nl. die selfstandigverklaarde (openbare), die ryks-, die gemeentelike en die besondere universiteite. Opmerklik is dit dat die kommissie bepaalde aanbevelings doen in verband met allerlei vraagstukke, o.a. status, bestuur, finansies, senaat, fakulteite ens., rakende die eerste twee soorte, maar duidelik sê dat sake rakende die ander twee liefs ondersoek moet word deur spesiale kommissies waarop o.m. persone sitting het wat mandaat van hul betrokke inrigtings verkry het. In Nederland word dus met reg die selfstandigheid en die reg van die besondere en die gemeentelike universiteite aanvaar, erken en geëerbiedig.

Besonder interessant is die pragtige behandeling van die vraagstuk van doelstelling en taak van die universiteit. Die kommissie gaan van die standpunt uit dat alle universitêre inrigtings, die openbare universiteit nie uitgesluit nie, op 'n geestelike grondslag steun. Hy betreur die feit dat menige universiteit sig te weinig bewus was van „deze tot nu toe nooit volledig onder woorden gebrachte grondslag en van haar daaruit voortvloeiende taak in eigen en ruimere kring." Die grondslag moet daarom uitdruklik geformuleer word. „Een dergelijke verklaring zal moeten verstaan worden als een appèl tot alle leden van de academische gemeenschap om de hoge roeping der universiteit als een der belangrijkste

cultuurcentra getrouw te blijven, echter niet als een credo—dat bij een kerk behoort—nóch als een criterium voor universitaire leertucht." Van 'n rigtinglose universiteit wil hierdie kommissie tenregte niks weet nie, want 'n universiteit het 'n dure roeping. Hierdie roeping stel die kommissie onder drie hoofde: die ontwikkeling van die wetenskap; die vorming en voorbereiding tot selfstandige beoefening van die wetenskappe en tot die beklee van maatskaplike betrekkinge, waarvoor 'n wetenskaplike opleiding vereis word of dienstig kan wees; die bevordering van die geestelike en sedelike vorming en die maatskaplike vereantwoordelikheidsbesef van die studente. Die kommissie eis dan dat aan elke openbare universiteit die geleentheid gebied moet word—wat die besondere inrigtings altyd besit het—om op die basis van die grondslag 'n formulering op te stel waarin, rekening houdende met die eie karakter van die instelling, 'n spesiaal vir hom geldende uitwerking aan die doelstelling gegee kan word.

Hier word openlik aanvaar deur 'n openbare liggaam van gesaghebbende manne en vroue van allerlei oortuiging dat elke universiteit 'n eie karakter het, 'n geestelike grondslag moet hê, en 'n eie formulering van sy doelstelling moet opstel. Dit is 'n geweldige vordering op die gebied van die hoër onderwys—d.w.s. weg van alle sgn. neutraliteit. Natuurlik wil die kommissie dit hê sonder enige gewetensdwang—daarmee gaan ons heelhartig saam. Maar werklike karakter, waaragtige geestelike grondslag, 'n heldere doelstelling kan egter alleen op 'n besondere universiteit tot behoorlike verwesenliking kom!

Nadat Nederland al vir eeue sonder grade voor die doktorsgraad klaar gespeel het, kom hierdie kommissie met die interessante aanbeveling dat aan die Nederlandse universiteit, soos in die Angelsaksiese lande minstens 'n baccalaureusgraad en waarskynlik ook 'n magistersgraad ingestel moet word: die baccalaureusgraad na 'n driejarige studie, en die magistersgraad as voorvereiste vir die doktoraal-eksamen. Nou, dit is 'n aangename verrassing: die volkslewe eis grade en nie net soveel jare universitêre studie nie. Ek dink ons het in Suid-Afrika iets goeds geërf van die Britse stelsel.

Uit die doelstelling van die universiteit vloei een belangrike saak ook voort: die kommissie aanvaar die historiese feit dat die universiteit vir sekere professies moet oplei. Van oudsher is predikante, geneeshere en advokate aan die universiteit opgelei, maar die kommissie beveel nou sterk aan dat 'n aantal tot nou toe buite die universiteit plaas vindende opleidinge binne die universiteit opgeneem moet word, o.a. notariële opleiding, amptenare by die belastingswese, aktuariële opleiding, argivarisse, bibiotekarissel. Van besondere belang is die aanbeveling dat

lerare vir die middelbare onderwys nou ook professioneel aan die universiteit opgelei moet word. Vir die opleiding van die lerare gee die kommissie die volgende skema aan die hand: vakwetenskaplike opleiding en daarna 'n pedagogies-psigologiese opleiding en 'n didaktiese opleiding, teoreties in die opvoedkunde en prakties in die skole (hospitering van a.s. lerare). Dit is net presies wat ons S. Afr. universiteite alreeds sinds 1912 doen: eers vir die Unie-eersteklas-onderwyserseksamen en daarna vir die universiteits-onderwysdiploma. Dit sal seker in Nederland 'n hele ommekeer bring in die stelsel van onderwysersopleiding. En dit sal die pedagogiek as wetenskap— die kommissie beveel sterk aan die gebruik van die woord „opvoedkunde" in die plek van „pedagogiek"—nie alleen 'n hoër akademiese status gee nie maar ook fundeer in die skoollewe as grondslag van die wetenskap.

Die kommissie ook van oordeel dat veel meer aandag gegee moet word aan die bevordering van die geestelike en sedelike vorming en van die maatskaplike verantwoordelikheidsbesef van die studente. Daarvoor gee die kommissie enkele uiters waardevolle wenke aan die hand. In die eerste plek wys die kommissie op twee belangrike middele binne die eintlike onderwys self en in die tweede op drie gewigtige moontlikhede buite die eintlike onderwys. Dit tref die kommissie wat die eerste groep betref, dat daar 'n groot gebrek aan metode van onderwys en aan leerstofkeuse op die universiteite heers. Hoogleraars en ander dosente het feitlik geen kennis van opvoedkundige metodes nie, en daarom pleit die kommissie in die besonder vir die beginsel van selfwerksaamheid van die student: naas die aanhoor van die professorale lesings moet die student kom tot selfwerksaamheid. Wat die leerstof vir die studie betref, pleit die kommissie, soos byna alle moderne opvoedkundes, vir 'n meer algemene opvoeding. Spesialisering is goed maar dit word tans oordrywe en mis die eintlike fondament van 'n algemene, liberale opvoeding. Daarom pleit die kommissie vir die herinvoering van die studium generale, wat insig in die kultuurlewe sal bevorder, wat insig in die samehang van die wetenskap sal verseker, wat die verantwoordelikheidsbesef van die geleerde vir die sosiale, nasionale en kulturele waardes sal verdiep. Vir die studium generale beveel die kommissie die volgende vakke aan: filosofie van die wetenskappe; inleiding tot die denkwyse en algemene insigte van bepaalde wetenskappe; probleme uit die natuurwetenskappe; inleiding in die wysbegeerte, hoofsake van die Christendom, literatuur- en kunsgeskiedenis, hoofsake van die reg, politieke geskiedenis van die 19de en 20ste eeu, sosiologie, die Nederlandse Gemenebest, land- en volkekunde.

Wat die moontlikhede buite die eintlike onderwys betref, wys die kommissie op drie sake. Die eerste is die vormende invloed van die

studentelewe, wat alleen tot sy reg kan kom as studente in kolleges saamwoon. Daarom is goeie en voldoende koshuise aan 'n universitêre inrigting so nodig, omdat hulle die kern en uitgangspunt van die studentelewe vorm. 'n Tweede belangrike middel is die tydelike studeer aan 'n ander universiteit—so raak die student bekend met allerlei probleme wat hy andersins nooit in aanraking mee sou kom nie. In die derde plek is dit essensieel dat aan studente groot eie verantwoordelikheid en moontlikheid vir partikuliere inisiatief gegee sal word, selfs buite die terrein van die eie corpora, verenigings en sub-verenigings.

Interessant is ook die bevindinge en aanbevelinge van die kommissie in verband met die differensiasie van die dosente. Die kommissie beveel aan dat die volgende range (in orde) onderskei moet word: gewone hooglerare, toegevoegde hooglerare (vir bepaalde, belangrike byvakke), buitengewone hoogleraars (manne wat deeltyds aan die universiteit werk), gashoogleraar ('n uitgenooide vakwetenskaplike), gewone lektor, buitengewone lektor, wetenskaplike hoofamptenaar (vir navorsingswerk), persone aan wie 'n onderwysopdrag verleen is, wetenskaplike hoofassistent en assistent, nie heeltemal-wetenskaplik gevormde personeel, kerklike hoogleraar (iemand deur 'n kerk benoem en besoldig), besondere hoogleraar (vir besondere leerstoele), besondere lektor, en private dosent.

Daar is nog baie ander interessante vraagstukke. Ek noem nog net veral: eksamens, fakulteite-indeling, senaat, salariëring, regsposisie van personeel, en heel in die besonder die samestelling van die sgn. „Hoge Academische Raad." Interessant is al die rapporte self: o.a. oor bestuur en organisasie; staat, gemeenskap en universiteit; filosofie, psigologie, pedagogiek; regsgeleerdheid; sosiale en politieke wetenskappe; teologie; geneeskunde; lettere en wysbegeerte; wis- en natuurkunde; tegniese, ekonomiese, landboukundige, diergeneeskundige wetenskappe; liggaamlike opvoeding, en heel in die besonder: vrouestudie.

Dit is 'n rapport wat deur almal, geïnteresseerd in ons hoër onderwys, bestudeer moet word.

J. CHR. COETZEE.

———:o:———